



BRAFORD

SUID - AFRIKA | SOUTH AFRICA



OKTOBER | 2022 | OCTOBER

VOORBLADFOTO

- Thiele Braford, Paulpietersburg



INHOUD

- Uit die Kantoor
- Vanaf die Raad
- Sale Results: August-September 2022
- Ken Mekaar - RCT Boerdery
- Auction dates 2023
- Steps to becoming a registered Braford breeder



Uit die Kantoor



Beste leser,

Die SA Braford Genootskap is bevoorreg om weereens twee nuwe lede aan u bekend te stel. Ons heet vir Ralf Gevers van Paulpietersburg en Bernard van der Schyff van Morgenzon baie welkom en sien uit na ons pad vorentoe.

Ons is dankbaar oor die goeie veiling seisoen wat agter die rug is. Baie geluk ook aan elke teler met hul goeie uitslae.

Wat die admin betref, moet ons begin om die afgelope seisoen se kalwers aan te meld. Maak asseblief gebruik van die vorms beskikbaar op die webblad.

Kontak my gerus vir enige navrae.

Marguerite Fouché

072 594 4500
info@braford.co.za

Volg ons op
Facebook & Instagram



GM2043 Wrangler

Bonheur Wrangler GM2043 will be representing South Africa in the 2022 "Braford - Champion of the World" competition. Congratulations and good luck to Bonheur Braford's!



VANAF DIE RAAD

VAN AARDT GREYLING | BEEFPOWER BRAFORDS

Hoe kan ons ons Ras verbeter?

Ras verbetering gaan vir my oor 'n paar faktore nl;

1. **Koei kudde**
2. **Bulle**
3. **Administrasie**
4. **Genootskap**

Koei kudde:

Die heel grootste faktor is natuurlik vrugbaarheid. Koeie moet so na as moontlik 100% kalf.

Om dit reg te kry moet verse goed uitgroei en nodige inentings kry. Koeie se kondisie moet ook goed wees anders sal die vrugbaarste koeie ook nie kalf nie.

Koeie moet genoeg melk hê om swaar speenkalwers te produseer, maar ook nie te veel dat dit haar kondisie en vrugbaarheid beïnvloed nie.

Dit is dus belangrik dat ons ons koeie se reproduksiesyfers jaarliks bestudeer en die wat nie in ons teeldoelwit pas nie, te laat slag en nie net terug te skuif na 'n kommersiële kudde nie.

Bulle:

Die bul wat jy gebruik is natuurlik 50% van jou kalwers se genetica. Dit is dus baie belangrik dat baie goeie bulle in jou kudde gebruik word. Daar was uitstaande bulle op ons Braford veilings die afgelope jaar aangebied. Die raad het besluit om die keuringsverslag uit te brei en 'n gradering per bul te koppel nadat keuring plaasgevind het. Dit gaan die kopers ook help om die regte keuse bul te maak.

Administrasie:

As jy 'n stoetteler wil wees moet jy besef dat daar papierwerk is, wat ons boere haat. As jy nie jou admin op datum hou nie, is al jou syfers verkeerd. Dit beïnvloed van jou koei syfers tot jou EBV



groeiwaardes. Dit maak dit moeilik om goeie diere uit te soek vir jousef en vir kopers.


Genootskap:

Aangesien ons nou vir Marguerite het wat toegewyd is om ons data verwerk asook hulp verleen aan telers wat sukkel om data in te stuur, glo ons die hoeveelheid data ingestuur asook stoetkuddes se ster-graderings gaan aansienlik verbeter.

Dit bly 'n spanpoging om 'n ras te verbeter. Ons moet almal ons deel doen sodat Braford hulle volwaardige plek kan volstaan, nie net in Suid Afrika

nie, maar oor die hele wêreld se beeskuddes.

Van Aardt



SALE RESULTS

August - September 2022



Nooitgedacht NT19108, Lot 4



Z4 Brafords T1976, Lot 5

Photo fltr - Theuns de Jager and Carl de Jager (sellers), Johan von Willigh (auctioneer) and Rory van Bronzunck Trust (buyer).

Brafords@Besters

31 August 2022, Besters

Bulls

Highest - R160 000 (NT19108 [Lot 4] & T1976 [Lot 5])

Average - R63 170

Females

Highest - R26 000

Average - R17 215

100% sold.

Congratulations to The Bronzunck Trust (Bronwin Zuncke) from Kokstad for purchasing both of the highest-priced Braford bulls at R160 000 each. Well done on a successful auction held by Nooitgedacht Brafords and Z4T Brafords.



Beefpower VAG20141, Lot 6

Beefpower Brafords

15 September 2022, Aliwal North

Bulls, 15/14

Highest - R60 000

Average - R48 035

Heifer & Calf

Highest - R23 000

Average - R22 750

Heifer in Calf

Highest - R20 500

Average - R20 333

Lot 3 VAG19141, sold at R60 000 to Hennie Vorster from Lady Grey. Lot 6, VAG20148 sold at R60 000 to Jannie Goosen from Boesmanskop. Congratulations!



RCT-BOERDERY

RCT-Boerdery bestaan uit myself, Tiens van der Merwe, Dr. Chris-Botha Laubscher en sy tweelingbroer, Dr. Rudolph Laubscher. Ons is vriende en kollegas en ken mekaar reeds sedert ons studentejare by die Universiteit van die Vrystaat/Kovsies. Ons is al drie mediese spesialiste. Ek en Chris-Botha is algemene chirurgen en werk by Gariep Mediclinic in Kimberley. Rudolph is 'n radioloog en werk in verskeie hospitale in Potchefstroom en Klerksdorp.

Ek wou al van kleins af boer. Ons het al drie 'n groot liefde vir die natuur en die buitelug en ons het besluit om hierdie groot taak eerder saam aan te pak as wat elkeen sy eie boerdery alleen moet bestuur. Ons boer hoofsaaklik met Braford-beeste, maar het ook Damara-skape. Ons huur grond by Boshof en Perdeberg en het verlede jaar 'n plaas gekoop tussen Warrenton en Boshof. Die plaas se naam is Nuwemoed / Plessisrust.

Ons het met Braford begin boer omdat hulle gehard is en baie goed aanpas in 'n droeër omgewing soos by ons. Braford is ook vir ons 'n besonderse mooi beesras

bedank wat ons gehelp het om 'n pragtige kudde op te bou. Ek wil graag vir Wessel en Van Aardt uitsonder. Hulle het my van dag een af bygestaan en gehelp om koeie te kry. Hulle het ons baie gehelp met raad oor die



Laubscher tweelingbroers met hul families



Van der Merwe-familie

omdat hulle nie net 'n eentonige rooi kleur van kop tot tone het nie. Ek het die eerste keer Braford gesien by Dirk Louw en sy broer, Louwtjie Louw. Nadat ek die besonderse mooi beeste van hulle gesien het, het ek geweet dit is waarmee ek wil boer. Ek het my eerste beeste by Van Aardt Greyling gekoop in 2017. Daarna het ons by verskeie telers koeie gekoop. Ons kudde het koeie van Wessel Wessels, Carl Thiele, Pieter Schulenburg en Jan Meaker.

Ons wil graag al die lede van die Braford-genootskap

ras en oor beesboerdery as 'n geheel. Hulle het uit hul pad uit gegaan om ons te help om ons kudde te vestig. Ons is ook dankbaar vir wyle oom Flaf Lauwrens wat ons gehelp het met keurings en ons geleer het om ons koeie streng te keur.

RCT-boerdery het in samewerking met Headlock (Louwtjie en Dirk) Australiese Braford-semen ingevoer. Ons het 4 verskillende Australiese bulle se genetica ingevoer en wil so 'n bydrae maak om die ras se genepoel te diversifiseer. In samewerking met Van Aardt, het ons 'n teëlprogram op ons huurplaas by Perdeberg. Ons is baie opgewonde oor ons resultate sover en sal graag, indien ons so bevoorreg is, ons eerste veiling in 2025 wil hou!

Braford Groete
Tiens, Chris-Botha en Rudolph

SA BRAFORD



FERTILE
ADAPTABLE
EFFICIENT



LESS INPUT - MORE MEAT

SA Braford AGM

13 June 2023
The Bull Ring, Davel/Ermelo

Thiele Estates Auction

5 July 2023
Schikhoek, Paulpietersburg

OVS Veld Bull Club Auction

24 August 2023
Auction Ring, Vrede

SA Braford National Auction

14 June 2023
The Bull Ring, Davel/Ermelo

Meaker Braford Auction

19 July 2023
Vrede/Warden

Brafords@Besters

30 August 2023
Besters Auction Ring

Bonheur Braford Auction

21 June 2023
Polocrosse Club, Bethal

OTVL Bull Auction

26 July 2023
Jenvos, Ermelo

Beefpower Braford Auction

14 September 2023
Sun Down Lodge, Aliwal North

WWW.BRAFORD.CO.ZA

Jan Meaker +27 79 883 9760 / Marguerite Fouché +27 72 594 4500
E: info@braford.co.za / Find us on Facebook & Instagram

STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.



ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services

- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

SA BRAAFORD

